

22 Januarie 2015

Jaargang 7 – Uitgawe 44

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Jesus is die Christus

**Die woorde *Je suis Charlie* (Ek is Charlie) het die afgelope weke die wêreld oorspoel. Die tema van godsdienstige verdraagsaamheid is skielik deel van elke gesprek.**

Daar is geen regverdiging vir die koelbloedige terreurveldtog wat in Parys afgespeel het nie. Tog kan 'n mens nie help om te wonder nie: Hoe is verdraagsaamheid so ver gedryf dat dit tot ekstremistiese optrede gelei het? Is daar iets wat ons kan doen dat dit nie ook met ons gebeur nie?

Die staatstelsel van Frankryk is amptelik sekulêr en gekant teen enige godsdienstige assosiasie van die staat met godsdiens. Geen gebede in enige staatsinstelling word toegelaat nie en godsdienstige gebruike soos vrouens se dra van die boerka word amptelik verbied. Daarby word vryheid van uitdrukking deur die samelewing tot die uiterste gedryf. *Charlie Hebdo* dra satiriese uitbeeldings van onder meer die Islam en die profeet Mohammed. Enigiets wat vir Islam heilig is, word mee gespot – terwyl die skrywers deeglik bewus is van die pyn en wrewel wat dit mag meebring. Die tydskrif is ook bitter kras met die Christelike geloof en kerk.

Ek het 'n Moslemvriend. Ons het gereeld oor godsdienstige verskille gepraat. Ons het respek vir mekaar se sienings ontwikkel en ek is daarop bedag om nie dinge kwyt te raak wat ek weet hom godsdienstig sal verwond nie. Hy tree dieselfde teenoor my op. Omdat ons vriende is, is ons verdraagsaam en respekvol teenoor mekaar. Ons geloofsoortuigings het nie verander nie, maar dit maak geen afbreuk aan ons vriendskap nie. Dit illustreer die waarde van intergodsdienstige gesprek.

Fyn spot, sarkasme en satire is kommunikasietegnieke wat met groot vrug ingespan kan word. Ek meen die Bybel het 'n hele paar voorbeelde daarvan. Die vertelling oor die toring van Babel is byvoorbeeld 'n fyn gespot met die Babiloniese godsdienstige voortvarendheid en hul ziggoerats (toringtempels) wat vandag nog gesien kan word: *Kom laat Ons afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie* (Gen 11: 7). 'n Mens kan nie help om te glimlag nie. Die een toringbouer vra die ander nog vir 'n steen, maar kry net 'n leë uitdrukking as antwoord, want skielik praat hulle nie meer dieselfde taal nie! Nog 'n voorbeeld vind ons in die Nuwe Testament waar Jesus die Fariseërs *witgeverfde grafte* noem (Matt 23: 27) om met hul skynheiligheid die spot te dryf.

Maar hoe ver dryf 'n mens die spot met 'n ander? Hoe skerp maak jy die snykant van sarkasme?

Die gebeure bring opnuut die saak van ons verdraagsaamheid teenoor dié wat anders glo en doen te berde. Ons kan dink aan die tyd toe die Christelike geloof deur die apostels in 'n omgewing van multigodsdienstigheid verkondig is. Een van die groot debatte van die tyd was juis daarvoor of die heidene deel van die Christendom kon word en of die evangelie en die doop net vir die Jode bestem was. Twee sake staan prominent uit in Handeling 13 en die briewe van Paulus: die verkondiging van Christus en die verlossing deur die geloof alleen aan die een kant; aan die ander kant die dade van die gelowiges wat spreek van naasteliefde en verdraagsaamheid.

Die evangelie van Jesus Christus bied vir ons vele riglyne oor hoe om in liefde teenoor almal op te tree. Ek kan my kwalik indink dat vriendskappe van mense met ander gelowe en intergodsdienstige gesprekke sou indruis teen die evangelie en die liefde van Christus. En dalk voorkom ons nog 'n tragedie.

**Ds Deon du Toit**

## BEROEPE EN WERKRUIMTES

### Beroep ontvang

- **Ds JS (Fanie) Naudé** (emeritus) van Greylingstad (werkooreenkoms) na Greylingstad (deeltyds)

### Beroep aanvaar

- **Ds G (Gerhard) Viviers** van Laeveld na Wolmaransstad
- **Ds JS (Fanie) Naudé** (emeritus) van Greylingstad (werkooreenkoms) na Greylingstad (deeltyds)

### Vakante werkruimte

- **Gemeente Gaborone in Botswana** het 'n pos vir **voltydse bediening** beskikbaar. Die gemeente is deel van die ring van Zeerust. Daar is tans 316 lidmate, waarvan ongeveer 40% dooplidmate (meestal voorskoolse en laerskoolkinders) is. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens ampswerk in die breë, is die uitvoering van die gevestigde bedieningsplan en leiding aangaande gemeenteprojekte primêr tot die opdrag. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. Aansoeke kan gerig word aan die skriba, oudl Miranda de Wet, by [mi@dewetdrilling.co.bw](mailto:mi@dewetdrilling.co.bw). Aansoeke kan ingedien word **tot 10 Februarie 2015**.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Jan Claassen** van Naboomspruit **se suster** is Donderdag 15 Januarie na 'n motorongeluk oorlede. Die gesin het aanvanklik bestaan uit vyf kinders, en nou is ds Jan die enigste wat oorbly. Sy ouers is ook reeds oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Jan en Tokkie Claassen en die res van hul familie.
- **Oudl Koos Bester** van Gemeente Wonderboom-Suid is Vrydag 16 Januarie om 12:28 oorlede. Dit is op dieselfde dag dat oudl Koos se ma begrawe is en presies 'n week voor sy 69ste verjaardag. Hy is die vader van oudl Phillip Bester van Wonderboompoort (en lid van die Raad van Finansies). Ons innige simpatie gaan aan oudl Phillip en sy familie.
- **Mev Cathy Gouws**, moeder van mev Ina Britz en skoonmoeder van ds Hans Britz van Kuruman/Upington/Kathu, is Sondagmiddag 18 Januarie oorlede. Die voorlopige begrafnisreëlings is vir Saterdag 24 Januarie. Ons innige simpatie gaan aan ds en mev Britz en hul familie.
- **Mev Petra Badenhorst**, vrou van emerituspredikant ds Stoffel Badenhorst, is ernstig siek met kanker. Sy is nou opgeneem by Ons Tuis om daar verder versorg te word. Ons bid die egpaar krag en troos toe in hierdie moeilike tyd.
- **Ds Marius Venter**, wat met siekte-emeritaat is, het op Donderdag 15 Januarie 'n nekoperasie in die Pretoria-Oos Ortopediese Hospitaal ondergaan. Ons bid ds Venter volkome herstel toe.
- **Ds Lisa-Mari Swanepoel** van Gemeente Sasolburg-Suid is op 8 November 2014 getroud met Freddie Prinsloo. Sy is dus nou Lisa-Mari Prinsloo en nie meer Swanepoel nie. Baie geluk aan die nuwe egpaar!



Ds Fanie Naudé

Ds Gerhard Viviers



Ds Stoffel en mev Petra Badenhorst



Ds Lisa-Mari Swanepoel en Freddie Prinsloo



- Ons het pas verneem dat **ds Annalize Rossouw-Lombard** van Gemeente Postmasburg swanger is. Baie geluk aan ds Annalize en haar man, Gerco Lombard.
- Ons het die volgende skrywe van **ds Theuns Botha van** die Afrikaanse Samewerkende Kerke in Bulawayo ontvang: "Aan die einde van verlede jaar is berig dat ons voertuig in 'n motorongeluk in Bulawayo afgeskryf is. Genadiglik het my vrou, Adri, geen beserings opgedoen nie. Ons wil baie graag ons dank betuig met die meeewing maar ook in besonder aan die donateur wat bygedra het dat ons 'n ander voertuig kon bekostig! Hierdie skenking is die 'voete' van die Goeie Boodschap in Zimbabwe en Botswana. Nogmaals dankie aan al die individue en gemeentes van ons Kerk wat kontak hou met ons gemeente en bydra tot die behoeftes en uitgawes met die gemeente se skool vir minderbevoorregte kinders. Julle is die antwoorde op ons gebede en dit gee ons moed om voort te gaan. Opregte Zim-groete uit 'n pragtige groen Zimbabwe!"
- Die **amptelike opening** van die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** vind plaas op **Maandag 16 Februarie om 14:00** in die Raadsaal van die Sinodale Kerkkantoor. Aansluitend by die opening vind 'n kort vergadering plaas van huidige en voormalige dosente asook persone wat in die verlede by die Kerk se sendingpoging betrokke was. Diegene wat belangstel om die geleentheid by te woon, of om die dokumentasie via e-pos te ontvang, kan prof Natie van Wyk kontak by 082 448 4759 of [aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za).
- 'n Opwindende **drie-in-een byeenkoms** vir predikante, ringskommissies en belangstellendes vind plaas op 18 en 19 Februarie.  
**Woensdag 18 Februarie, waarskynlik by Gemeente Wonderboom** (sal volgende week bevestig word)  
10:00 Openering van die HTK met 'n erediens, waarna prof Johan Buitendag as spreker optree met die tema *Teologie aan 'n sekulêre universiteit in die 21ste eeu in Afrika*  
12:00 Ete  
14:00 Inligtings- en Besprekingsvergadering met die Kommissie van die AKV  
19:00 Vertoning van *Die Klaagliedere van ds Tienie Benadé* deur Frank Opperman  
**Donderdag 19 Februarie**  
Die Predikantevergadering vind by Batter Boys plaas. Alle ringskommissieledes en belangstellendes is welkom – voorafbespreking is baie belangrik. Die tema van die oggend is *Die klaag- en lofliedere van 'n predikant*.  
08:00 Aankoms te Batter Boys, konferensiesentrum in Montana  
08:30 Sessie 1: Openering en Skype-gesprek met Dana Snyman, skrywer van *Die klaagliedere...*  
09:30 Eerste deel van ontbyt  
10:00 Sessie 2: Refleksie oor die tema *Klaaglied of loflied van 'n predikant*  
11:00 Ontbyt vervolg en laaste gesprekke oor tema  
12:45 Afsluiting en vertrek  
Die **koste** van die twee dae beloop R350 per persoon en R250 vir emeriti wat die vertoning insluit. Die koste beloop R100 vir diegene wat net die vertoning wil bywoon. 'n Skrywe aan alle predikante, ringskommissies en gemeentes met volledige besonderhede volg binnekort. Navrae kan aan dr. Frikkie Labuschagne (012 322 8885), André Ungerer (082 940 8201) en ds Frikkie van Wyk (083 625 6788) gerig word.
- **Bydraes** word gevra vir die eerste uitgawe van die **Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)** in 2015. Die tema handel oor liturgie en teologie. 'n Wye spektrum van onderwerpe wat op die een of ander wyse met die liturgie verband hou, kan aandag geniet, byvoorbeeld Nagmaalpraktyke, kerkmusiek, die liturgiese kalender, die orde van die liturgie en die dra van 'n toga. Artikels kan tussen 4 en 7 bladsye lank wees. Die sperdatum is einde Maart. Kontak asseblief die redakteur, prof Natie van Wyk, by 082 448 4759 of [aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za).



- Die **NHSV-kantoor** ondervind sedert einde November 2014 probleme met hul landlyn. Skakel asseblief die kantoor se **selfoon** by 072 801 9830 of 082 429 1565 as u met die NHSV in verbinding wil tree.

## Liturgiese kalender

- **Sexagesima.** Die tweede Sondag vóór die Lydenstyd (**8 Februarie**) staan bekend as *Sondag Sexagesima(e)* – die (by benadering) 60ste dag voor Paasfees. *Die Woord van God* is die tema van hierdie Sondag. 'n Gepaste teks is die gelykenis van die saad (Luk 8: 4-15). Jesaja 55: 6-12a kan as Ou-Testamentiese gedeelte gelees word. Veral op hierdie Sondag is dit belangrik dat daar uit die Nuwe én Ou Testament gelees sal word, aangesien die Woord albei Testamente omvat. Handeling 16: 9-15 kan eweneens 'n geskikte preekteks wees. Hebreërs 4: 12-13 kan as votum gebruik word. Die werk van die Bybelgenootskap hoef nie net op Hervormingsondag aandag te geniet nie. Dit kan ook op hierdie Sondag vanpas wees.

## Bybelgenootskap

Na aanleiding van onlangse nuusberigte wil die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA)** graag sekere **feite oor die 1959-vertaling van die Bybel in isiZulu** onder die aandag bring. Uit die berigte mag mense dalk die idee kry dat die Griekse, Hebreuse en Aramese brontekste van die Bybel nie 'n rol in hierdie vertaling gespeel het nie en dat dit uit ander tale soos Engels of isiXhosa vertaal is. Toe hierdie vertaling onderneem is, was dit egter reeds die beleid van die BSA dat die brontale primêr gebruik moes word. In die geval van die 1959-vertaling is die Biblia Hebraica (Hebreeus en Aramees) vir die Ou Testament en Novum Testamentum Graece (Grieks) vir die Nuwe Testament gebruik. Hierdie Bybel is deur 'n interkerklike komitee bestaande uit onder andere brontaalkenners en moedertaalsprekers vertaal.

Die 1959-vertaling van die Bybel word gebruik deur die meeste kerke met isiZulu as voertaal. Hierdie vertaling is ook steeds die BSA se topverkoper en in 2014 alleen is sowat 192 000 eksemplare van hierdie Bybel in verskillende formate versprei. Behalwe die gedrukte weergawe, is die vertaling beskikbaar in oudioformaat, vir selfone, tablette, as 'n e-Bybel en kan dit ook aanlyn gelees word.

In 1997, op versoek van die isiZulu Taalraad, is die ortografie van die teks aangepas om vir die jongste taalreëls (spelling en punktuasie) voorsiening te maak. Die oorspronklike weergawe word egter ook steeds voorsien, aangesien daar 'n aanvraag daarvoor is.

Verskeie redes lei egter daartoe dat 'n Bybelvertaling soms hersien of 'n heeltemal nuwe vertaling gedoen moet word. Een van die redes is dat taal dinamies is en die betekenis van woorde soms verander en nuwe woorde selfs ontwikkel. **Die BSA is tans besig met 'n nuwe isiZulu Bybelvertaling.** Drie voltydse vertalers is met die projek besig en hulle word ondersteun deur 'n interkerklike Hersieningskomitee van 15 lede bestaande uit brontaalkenners, isiZulu taalkundiges en kerkleiers. Die Biblia Hebraica Stuttgartensia word as brontekste vir die Ou Testament gebruik en die UBS Greek New Testament 4de hersiene uitgawe vir die Nuwe Testament. Die BSA se beleid is om nooit self met so 'n vertaling te begin nie, en hierdie vertaling word onderneem op versoek van 'n aantal kerke wat isiZulu gebruik. Die vertaling sal hopelik binne die volgende vyf jaar verskyn.

Die BSA is 'n volle lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Die WBG word wêreldwyd as die leier op die gebied van Bybelvertaling beskou en is onder andere verantwoordelik vir die ontwikkeling van hulpmiddels. Een so 'n hulpmiddel is 'n sagtewareprogram, ParaText, wat Bybelvertalers in staat stel om die brontekste met groot vrag te gebruik.





## Algemene Diakensvergadering (ADV)

- **Werkswinkel oor ervaringsleer en *reviewing skills*** – **Vrydag 6 Februarie**. Na die sukses van ervaringsaktiwiteite met RDV's die afgelope twee jaar, wil die ADV hierdie werkswyse uitbou. Met *Kindersorg* as tema, vra dit van die fasiliteerder van die oefening spesifieke *reviewing skills*. Ervaringsleer is verder 'n uitstekende metode om te gebruik met jeuggroepe, gesinsbediening en vele meer. Hierdie werkswinkel word aangebied by Gemeente Wonderboom, van 13:00 tot 17:00. Koste beloop R100 per persoon en 'n HTK-sertifikaat sal aan elke deelnemer gegee word. Vir meer inligting en besprekings, kontak Sonet by 012 322 8885 x221 of [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za).
- **RDV-inligtingsdag Saterdag 7 Februarie**. Die jaarlikse RDV-inligtingsdag vind plaas by Gemeente Wonderboom. Registrasie van 09:00 tot 09:30. RDV-kommissies en alle predikante word uitgenooi om die inligtingsdag by te woon. Kontak Sonet **voor 30 Januarie** by [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za) vir besprekings.
- **Dankdiens vir uitkoms met die platinumkrisis**. Die NHK se harte en hande het met verlede jaar se stakingskrisis in die platinumgordel bo verwagting oopgegaan. Danksy talle mense se voorbidding en bydraes, kon Hervormde gemeentes in die platinumgordel baie mense help met kos en ander hulpmiddels. Ons wil graag die eer hiervoor aan God gee, en vra gemeentes om in **eerskomende Sondag se erediens** tyd in te ruim om God vir sy genade en voorsienigheid te dank en te loof.
- **Vraelyste vir skoolkinders**. Baie dankie vir al die vraelyste wat reeds ingekom het. Ons vra dat gemeentes wat nog nie die vraelyste hanteer het nie, dit asseblief doen. Kinders kan self die vraelyste invul deur **hier** te klik of die skakel op die webwerf [www.diakens.co.za](http://www.diakens.co.za) te volg. Die vraelys kan ook in PDF-formaat afgelaai word by [www.diakens.co.za](http://www.diakens.co.za). Voltooide vraelyste kan deur iemand in die gemeente op die internet ingevoer word, by die skakels soos genoem. Dit neem minder as twee minute om 'n vraelys in te voer. So nie, kan dit geskandeer en per e-pos gestuur word na [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za).

## Spesiale eredienste

- **Prop Joleen Joubert** word op **25 Januarie** in **Gemeente Wapadrant** georden, en oudl Dave Lizamore sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon. **Prop Dolf Bester** word op **1 Februarie** in **Gemeente Ottosdal** georden, en ds Leon Geel (sr) sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig.
- **Dr Frikkie Labuschagne** van die Sinodale Kerkkantoor word op **25 Januarie om 10:30** in **Gemeente Olifantsfontein** bevestig in deelydse hoedanigheid. Laat weet mev Christien Jansen van Rensburg by [christienj@vodamail.co.za](mailto:christienj@vodamail.co.za) indien u die geleentheid wil bywoon.
- **31 Januarie: Gemeente Horison Roodepoort word 50**  
*Vrydagaand 30 Januarie om 19:00: Musiekuitvoering*  
Strykkwartet met fluit en orrel  
Besprekings by Jenneke (082 687 2291) of Nellie (082 923 9017)  
*Saterdag 31 Januarie: Potjiekoskuier by die kerk*  
*Sondag 1 Februarie om 09:00: Nagmaaldiens*  
Alle oudlidmate en belangstellendes welkom  
Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of [gnel@nhk.co.za](mailto:gnel@nhk.co.za)
- **Dr Tanya van Wyk**, dosent by die Universiteit van Pretoria, word op **Sondag 22 Februarie** in die **Nederlandssprekende Gemeente** (Johannesburg) bevestig as predikant in besondere diens.

# Toer saam na *Turkye* Vertrek 6 Mei 2015

14 dae op die voetspore van die eerste Christene

Toerleier:  
Ds Dries Beukes  
012 654 3198 / 083 447 7943



Vir meer inligting, kontak Louise Geysler (formele reisagent)  
012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geysler@absamail.co.za](mailto:louise.geysler@absamail.co.za)

## 'n Gedig

### Vertel

*Kon ek net een maal 'n verhaal vertel  
wat soos 'n laatnagkool  
sal gloei van deernis vir die wêreld –  
dan sou ek gelukkig wees.*

*En as die gloed waarmee die kool  
tot diep in die geheimste plekke brand  
die koue mense kon verwarm –  
dan sou ek gelukkig wees.*

*Maar as dit kon gebeur  
voordat die kool se rooi en swart  
in fyn wit as tot niks verwaai –  
dan sou ek inderdaad gelukkig wees.*

Heilna du Plooy  
(Uit: *In die landskap ingelyf* 2003)

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - o Donderdag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (emeritus)
  - o Vrydag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal) en ds GJ (Jan) Wallis (emeritus)
  - o Saterdag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (Kampersrus)
  - o Sondag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (Standerton) en PJJ (Pierre) Kotze (siekte-emeritaat)
  - o Maandag 26 Januarie: Prof MW (Marthinus) Pretorius (emeritus), di BM (Marita) Engelbrecht (Komatipoort), RL (Richard) van der Westhuizen (Tzaneen) en prop M (Marsulizé) van Niekerk (beroepafwagting)
  - o Dinsdag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (Sundra)
  - o Woensdag 28 Januarie: Ds S (Sanet) van der Walt (Ogies)
  - o Donderdag 29 Januarie: Dr J (Jaco) Beyers (UP/Verwoerdburg), di L (Leon) Geel jr (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (Rietvallei)
  - o Vrydag 30 Januarie: Ds MCE (Eksteen) Botes (Nelspruit)



Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente  
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums  
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

**Vanaf R2 800**

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114  
E-pos: [admin@tukiestate.co.za](mailto:admin@tukiestate.co.za) / Info: [www.tukiestate.co.za](http://www.tukiestate.co.za)

### Beplande vergaderings

- o Donderdag 22 Januarie: ADV Dagbestuur
- o Vrydag 23 Januarie: Moderamen  
OSR Finkom
- o Vrydag 30 Januarie: SP Engelbrecht-museum

### Allegaatjie

*As mense maar min weet, moenie vir hulle lag nie, want elkeen weet iets wat jy nie weet nie. (Sigeuner-spreekwoord)*

### Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria: Wen 'n bakkie**

Pakkette teen R10 000 elk sluit in:

- o 2 500 kaartjies, gebind in 500 boekies met 5 kaartjies elk. Kaartjies word teen R20 elk verkoop om R50 000 te genereer ('n netto wins van R40 000).
- o Banier ter waarde van R1 000 om te gebruik waar kaartjies verkoop word.
- o Foto's van die bakkie vir die 2015-kompetisie en van 2014 se sleutelpasgeleentheid.
- o Toegang tot 10 pryse wat op die sleutelpasdag getrek sal word (die bakkie en troospryse van R10 000).

**Onthou:**

- o Elke gemeente trek sy eie sleutelwenner wat vir die pasgeleentheid kwalifiseer. Al nege deelnemende gemeentes is dus VERSEKER dat een van die kaartjies wat hy verkoop het, in die pryse gaan deel!
- o Deelnemende gemeentes kan die sleutelpasgeleentheid op die internet volg omdat dit lewendig uitgesaai sal word.

Vir meer besonderhede, kontak ds Stephen de Beer by 074 658 4630.

### Advertensies in die e-Hervormer

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg



Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R200 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die NUWE KOSTE.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

Ag, Here, ek bid vir ons samelewing:  
vir onderwysinstellings en hul personeel,  
vir dié wat moet regsprek en die reg moet handhaaf,  
vir mediese dienste en personeel,  
vir die vervaardigingsbedryf  
– nyweraars, handelaars, werkers;  
vir die media  
– redakteurs, joernaliste en spotprenttekenaars;  
vir regerings en politici,  
vir amptenare en ampsdraers,  
vir alle mense in leiersrolle.  
Laat hulle u Naam heilig.

Laat almal op aarde leer om u Naam te heilig.  
Help my om u Naam vandag heilig te hou.

Jan Nieder-Heitmann  
Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014

